

# **KERSDAG 25 DESEMBER 2013**



**Die HERE sal jou seën en jou  
behoed  
Die HERE sal sy aangesig oor  
jou laat skyn  
en jou genadig wees**

# **Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee**

## ***Numeri 6 : 24 - 26***

### **Skrifberyming 1-2 : 1, 2, 3**

Prys Hom, die Hemelvors, op sy verhewe troon;  
loof Hom aan Wie die hemelkoor hul hulde steeds betoon.  
Aan Hom, die Skepperheer, kom toe die eer en mag.  
Sy Woord het alles voortgebring – roem ewig sy gesag.

Loof Hom, die Lam van God, want Hy's vir ons geslag.  
Hy het ons met sy bloed gekoop; besing sy reddingsmag.  
Uit elke stam en taal het Hy ons vrygemaak;  
sy koninkryk, sy priesterdom – dit het Hy ons gemaak.

Lof, eer en heerlikheid, die wysheid en die krag  
behoort aan God daar op die troon en aan die Lam, geslag.  
Tot in die ewigheid sal ons die lied laat hoor;  
die hele skepping oraloor roep "Amen" in 'n koor.

### **Lied 345 : 1, 3**

Kom alle getroues, vrolik en vol vreugde,  
o, kom in die gees nou na Betlehem!  
Loof daardie Kindjie tot ons heil gebore –  
Kom buig daar in aanbidding (x3)  
voor Jesus, die Heer.

Kom, lofsing die Here; Hy is onse Koning  
vir ons word Hy mens en oorwin die dood.  
Hy heers met reg in hemel en op aarde –  
Buig dankbaar in aanbidding (x3)  
voor Christus, die Heer!

### **Skrifberyming 1-4 : 1, 2, 4**

Die regte tyd het aangebreek,  
die tyd deur God bestem –  
die Vader stuur vir ons sy Seun

as kind na Betlehem.

Vir ons gebore as 'n mens,  
kom Hy in ons belang -  
Hy koop ons vry, dat God ook ons  
as kinders kan ontvang.

O, Vader, al die lof en eer  
en dank wil ons U bring;  
van al u vrede, liefde, guns  
sal ons vir ewig sing!

**Lied 335 : 1**

Die Heiland is gebore -  
juig saam met eng'lekore!  
Hy, die Hemelkoning,  
kom in die volheid van die tyd,  
kom maak by ons sy woning,  
kom bly by ons in ewigheid.  
Hy is God met ons - Hy, Immanuel.

**Lied 364 : 1, 3**

Herders op die ope velde  
het diè nag die eng'lekoor  
met die blye evangelie  
uit die hemel aangehoor:  
Kom, loof die Heer, loof die Heer,  
loof die Here God in die hoogste heem'le (x2).

Ere in die hoogste hemel,  
klink dit nou die wêreld deur:  
liefde, vrede, welbehae  
daal in Jesus tot ons neer:  
Kom, loof die Heer, loof die Heer,  
loof die Here God in die hoogste heem'le (x2).

**Lied 365 : 1**

Hoor die blye engellied aan die Koningseun gebied:  
"Vred' op aarde - God die eer -  
Hy daal tot die sondaar neer".  
Almal wat Hom liefhet, sing

om Hom lof en dank te bring!  
Almal, juig met hart en stem:  
God word mens in Betlehem!  
Hoor die blye engellied  
aan die Koningseun gebied.

**Lied 348 : 1, 3**

Stille nag, heilige nag!  
Jesuskind, lank verwag,  
Lig uit Lig uit die Vader se ryk  
word uit liefde aan mense gelyk.  
Loof die hemelse Kind! (x2)

Stille nag, heilige nag!  
Jesus, Heer, voor u mag,  
voor u ryk moet die duisternis swig;  
tot in ewigheid bly U die lig -  
Heer, gebore vir ons! (x2)

**AAN DIE EINDE VAN DIE EREDIENS (STAANDE):**

**Skrifberyming 4-6 (68)**

Ere aan God, ere aan God  
in die hoogste, in hoogste, in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde  
in die mense 'n welbehae.  
Ere aan God in die hoogste,  
ere aan God in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde,  
vrede op aarde, vrede op aarde,  
in die mense, in die mense 'n welbehae!  
In die mense 'n welbehae, 'n welbehae.  
Ere aan God, ere aan God,  
in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde  
in die mense 'n welbehae.  
Amen. Amen.

**Die Kerkraad wens die gemeente 'n  
geseënde Kerstyd toe**